

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen om herhaaldelik sonde te erken en weer volgens die wet te leef, en om dit te doen wat Johannes “aanhou sonde doen” noem. Christus se verlossing verbind ons juis tot ’n liefde in God se liefde waarin ons herhaaldelik sondes bely en herhaaldelik weer volgens sy wet goed doen. Om aan te hou sonde doen, is om van Jesus ’n afgod te maak sodat ons in ons sondige begeertes kan voortleef asof dit ware liefde is. Dit is wat alle afgode doen: hulle maak sondige drifte God en mense se ware liefdes. Vandag se geestelikes wil ons laat terugval in die heidendom deur “om aan te hou sonde doen” voor te hou as die nuwe geestelike lewe wat Jesus vir ons bewerk het: ’n lewe nie volgens die reg van God se wet nie, maar in die krag, mag en lewe van God self. So maak geestelikes vandag van die terugval in die heidendom, die sogenaamde ware geestelike lewe.

Skriflesing 1 Johannes 3: 1-10, 4: 1-3; Mat. 18: 1,2; Ps. 32: 1-5.

Teks 1 Johannes 3: 6 “Iemand wat in hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het hom nie gesien en ken Hom nie.”

Tema Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen.

1. Ons gaan in hierdie teksgedeelte kyk na die verskil tussen om te volhard in sonde en om herhaaldelik sonde te doen. Dit is die verskil tussen om oor en oor weer sonde te doen en om in sonde te volhard.

Die apostel Johannes beskryf die volharding in sonde in 1 Johannes 3 op twee verskillende maniere. In vers 6 stel hy dat om te volhard is om aan te hou sonde doen, en in vers 9 stel hy dat ’n kind van God doen en kan nie meer sonde doen nie.

Wanneer mense hierdie teksverse só lees dan maak hulle op die oog af die volgende vinnige gevolgtrekking: Kinders van God kan nie dieselfde sonde oor en oor doen nie. Wanneer ons hierdie gevolgtrekking sou maak dan is daar net twee moontlike oop: daar is nou volgens hierdie gevolgtrekking twee soorte kinders van God, die wat nie regtig Christene is nie en hulle doen sondes oor en oor, en dan moet daar die regte tipe kinders van God wees, wat dit regtig reg kry om nie meer sonde te doen en te kan doen nie.

Vandag is laastgenoemde die sogenaamde “geesvervulde Christene” wat glo dat hulle so met God se krag, mag en lewe vervul is, dan hulle nie meer sonde doen of kan doen nie.

Die gemiddelde reaksie van gelowiges op hierdie verse is egter om dit doodeenvoudig net te ignoreer omdat te deurmekaar klink en dit nie vir hulle geloof of lewe enige sin maak nie. Só gaan die betekenis van hierdie Skrifgedeelte ons lewe dan eintlik verby.

Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen

2. Wat bedoel Johannes dan met hierdie verklarings dat kinders van God nie kan aanhou sonde doen nie, wat hy dan weer kwalifiseer as dat hulle nie sonde doen of kan doen nie?

Die Here Jesus Christus self het vir Petrus in Matteus 18 gesê dat binne sy liefde en genade vergeef kinders van God mekaar sewentig maal sewe keer vir dieselfde sonde. Met hierdie verklaring openbaar die Here dat sy kinders oor en oor dieselfde sonde kan doen wat Hy elke keer en aanhoudend vergewe, en daarom moet kinders van God ook die sondes wat hulle hul hele lewe lank oor en oor doen, mekaar vergewe.

Die apostel Johannes se verklaring dat kinders van God nie aanhou sonde doen, en dan kategoriees stel dat hulle nie sonde doen of kan doen nie, is nie in stryd met wat die Here hier stel nie. Dit beteken dat Johannes se “aanhou sonde doen” is iets anders as om oor en oor dieselfde sonde te doen.

Net só wys Psalm 32 vir ons dat om “aan te hou sonde doen” is ook iets anders as om met sondes by God vir ’n tyd lank te probeer wegkom. In Ps. 32 getuig Dawid dat hy met sy sonde wou wegkom by God deur God te probeer vermy en te onduik. Hy stel in die Psalm dat hy geweet het hy het gesondig, dat God hom sy sonde nie toereken of daarvoor straf nie, dat God hom met liefde omvou, maar ten spyte hiervan wou hy met sy sonde aanhou deur God in sy liefde en goedheid te probeer vermy.

Om as kind van God God só te probeer onduik om aan te hou met dit wat jy weet sonde is, is ook nie die “aanhou sonde doen” van 1 Johannes 3 vers 6 nie.

3. Wat Dawid in Psalm 32 getuig dat hy nie kon aanhou om God te vermy nie om met ’n sonde wat hy wat weet sonde is te kon aanhou nie, want God se liefde het hom gedring tot sonde erkenning en sondebelydenis, is presies juis net dit wat Johannes in 1 Johannes 1 verse 8 en 9 stel: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Jy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.” Dit is net soos Dawid dit stel in Ps.32: 5: “Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het vir die Here gesê: “Voor die Here bely ek my opstandigheid;” en U het my skuld vergewe.”

Christus is ons voorspraak met sy lyding, kruisiging en sterwe vir ons sonde, (1 Joh.2: 1), en daarom word net soos Dawid dit in Ps. 32 stel, ons sondes ons nie toegereken of ons daarvoor gestraf nie, maar word ons in God se liefde omvou. Ps. 32:10.

Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen

1 Johannes 1 verse 8 en 9 gaan daarom juis oor sondes wat ons oor en oor doen en ons pogings om God te vermy om met ons sondes weg te kom. God versoen ons met Hom juis sodat ons sondes wat ons oor en oor doen, ons oor en oor kan bely en só in die versoening leef dat Jesus ons met God versoen.

Daarom kan die “aanhou sonde doen”, en kan nie sonde doen nie” , van 1 Johannes 3 nooit beteken gelowiges kan nie sondes oor en oor doen, en oor en oor vergewe word nie of nooit probeer wegkom met sondes nie. Dit is juis wat in 1 Joh. 1: 8, 9 bevestig word: die Here vergewe aanhoudend sondes wat oor en oor gedoen en oor en oor bely word.

4. Nou wat beteken hierdie verse in hoofstuk 3 dan?

Dit gaan oor wat deel van die gemeentes geword het, en toe weer teruggeval het in die afgodsdien van waaruit hulle gekom het: “Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie.”(1 Joh. 2: 19)

Die hele brief se inhoud gaan oor die terugval van heidene in afgodsdien.

So word die tema van die brief in hoofstuk 1 vers 5 aangekondig: “Dit is nou die boodskap wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.” Hierdie tema van die hele brief word weer afgesluit en saamgevat in die laaste sin: “Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.” (1 Joh. 5: 21)

Die “aanhou sonde doen” van 3 vers 6 gaan dus oor mense wat van die Christelike geloof en lewe weer net nog ’n afgodsdien wil maak soos die afgodsdienste waaruit hulle as heidene gekom het. Om “aan te hou sondig” beteken dus om met die Christelike geloof en lewe net aan te hou met die afgodsdien van heidene. Dit is ook die betekenis van die ongekwalifiseerde “Iemand wat ’n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie omdat hy uit God gebore is.” (1 Joh. 3: 9) Dit beteken dat ’n kind van God kan nie as heiden en soos ’n heiden glo en voortleef as kind van God nie.

5. Hoe hierdie mense steeds heidene wou wees, en soos heidene wou leef binne die Christelike Kerk, sien ons duidelik in wat hulle van Jesus wil maak volgens die getuienis van Johannes: “Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris.” (1 Joh. 4: 2 en 3)

Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen

Hierdie mense het die openbaring dat Jesus God is wat mens geword het omdat vandag nog steeds mens en God te wees, (Joh. 1:14) verander. Hulle kon en wou nie glo in God wat mens geword het, en vandag nog steeds mens en God is nie. Hierdie was nie maar net lidmate nie, maar predikers en leraars. Dit stel Johannes in 2 Johannes 7 só: “Daar het bly misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie.”

Deur te ontken dat Jesus mens van vleis en bloed is vandag (Joh.1:14), terwyl Hy ons Here en ons God is (Joh. 20: 28) het hulle van Jesus weer net een van die afgode van die heidendom gemaak waaruit hulle gekom het.

6. Jesus wat vandag nog steeds God en mens is, is die Here wat ons, volgens Johannes, in Hom laat bly, deel maak van sy vleis en bloed. (Joh. 6: 53 – 59) Hy sluit ons in sy menswees in sodat Hy ons sonde vir ons was en ons vandag sy regverdigheid en heiligheid as mens met Hom is. Deur ons só in te sluit en te laat deel in wie die Here as Regverdige mens vandag is, verbind die Here ons om sondeloos en skuldloos weer volgens die wet van God reg te leef. Johannes beklemtoon hierdie regverdig wees in Christus en daarom regverdig leef volgens die wet met die sin: “Liewe kinders moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is.” (1 Joh. 3: 7)

Hierdie sin beteken alles behalwe dat ons regverdig is omdat ons lewe soos Jesus leef. Volgens 1 Joh. 1: 2 is ons regverdig omdat die Regverdige ons voorspraak met sy geregtigheid by die Vader is. Ons is deur ons geloof dat ons in sy menswees deel verbind tot die regverdigheid van die wet en die lewe volgens die wet wat Christus as mens geleef het. (1 Joh. 2:6)

Hoekom hulle Jesus se menswees vandag ontken, is omdat hulle van Jesus ’n goddelike figuur soos alle afgode maak. Jesus wat nou net ’n goddelike figuur is, is die gees waardeur hulle as mense nou God se goddelikheid as hulle eie goddelikheid beleef.

Só ervaar hulle hul sondige begeertes as goddelike passies en kragte, iets wat van God af kom, en nie meer as sondes (1 Joh. 2:15), die oortreding van God se wet en die geregtigheid van God se wet nie.

“Om aan te hou sonde doen” is om sonde in en deur Jesus as ’n goddelike gees as die wil, die krag en lewe van Jesus uit te leef. Wie so aanhou sonde doen, het weer ’n heiden geword. Gelowiges kan nie Jesus as Here ontken vir wie Hy is om hul sondes weer hulle goeie deugdes te maak nie.

7. Die stellings van Johannes dat kinders van God nie meer sonde doen nie of kan doen nie (1 Joh.3: 9) verwys na die sonde om van Jesus net nog ’n afgod te maak om sondes as die wil van Jesus uit te leef.

Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen

Die heidendom waarin hierdie mense terugkeer is altyd 'n godsbedryf.

Dit is wat in alle afgodsdienste se feeste en tempels gedoen word. Hulle laat hul afgod lewe kry deur hul sondige passies; hulle afgod begin optree en dinge doen wanneer hulle in die Naam van hul God hul sondes uitleef; hulle afgod word bemagtig in hul verheerliking van hom as god; hulle afgod word kragtig wanneer hulle hul kragdadig hul self laat geld in die wêreld.

Dit is wat Johannes hier aandui as dat gelowiges kan nie weer soos heidene sonde doen deur 'n godsbedryf waarin God deur hul sondige wil en passies lewe kry, mag kry, krag kry en invloed in die gemeenskap kry nie. Gelowiges kan nie God se krag, mag, wil en Naam bedryf as hul geestelike saak in hierdie wêreld nie. Gelowiges doen dit nie meer nie en kan dit nie meer doen nie.

Christus wat regverdig mens in die hemel en God met ons is, is nie net nog 'n afgod wat ons geestelik bedryf nie. Christus verbind ons tot 'n lewe soos Hy as mens leef – om regverdig te leef. (1 Joh. 3: 7) Om regverdig te leef soos die Here as mens regverdig leef, is om volgens die wet van God, God en mense lief te hê. (1 Joh. 5: 2, 3) Die oorwinning wat ons oor die sondige wêreld behaal (1 Joh.5:4) is dat ons nie meer met 'n godsbedryf besig waarin ons God se lewe, mag, krag, Naam en wil uitleef nie, maar dat ons deur ons geloof dat ons vir God regverdig is, volgens sy wet leef.

Ons leef regverdig.

Ons is deur ons geloof in Christus verbind tot menslike deugdes volgens God se wet en doen nie meer die sonde, en kan nie meer die sonde doen, om God as afgod te bedryf deur ons eie lewe, krag, mag en wil asof ons god laat leef en bemagtig om God te wees nie.

8. Wie in Jesus glo wie as Here God en mens is, bly in God se liefde. (1 Joh. 4:15) In sy liefde doen ons herhaaldelik sonde en doen ons herhaaldelik weer wat reg is volgens sy wet. (1 Joh. 1: 8 en 9) Omdat ons in sy liefde bly, kan ons nie aanhou sonde doen deur van Jesus net weer 'n afgod van ons eie sondige begeertes te maak nie. (1 Joh. 2: 15 – 17)

Vandag se geestelikes probeer van die terugkeer tot die heidendom, om aan te hou sonde doen, die nuwe geestelikheid van die kerk van die Here maak. Hulle probeer van die gees van die antichris, die gees van Christene maak. (1 Joh. 4: 1 – 3)

Dit doen hulle deur Christene te probeer oortuig dat 'n lewe van val en opstaan in sonde, om herhaaldelik te sondig en weer herhaaldelik God lief te hê, is nie meer hoe jy binne die liefde van God leef nie.

Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen

- Hulle verklaar gelowiges wie só glo en leef, as mense sonder God se Gees.
- Hulle verklaar dat wie God se goddelike krag, mag, lewe, wil en Naam hul eie maak, is geestelik.
- Hulle maak asof terugval in die heidendom deur godsdiens, nou die ware Christelike lewe van oorwinning sou wees.
- Só maak hulle van “aanhou sonde doen”, die ware Christelike lewe. Wanneer gelowiges nie kan “aanhou sonde doen”, deur van Jesus iemand te maak wat hulle deel van die krag, mag, lewe en wil van God maak nie, word hulle nou veroordeel as mense wat nie ware Christene is nie.

Die geestelikes van vandag hou die terugval in die heidendom voor asof dit die bekering tot Christus en die nuwe lewe in Christus is. Hulle maak van die gees van die antichris, die gees van hulle nuutopgemaakte moderne Christelikheid.

9. Hierdie geestelikes maak vandag van die Here van die Here 'n heidense bedryf en probeer gelowiges verlei om in die heidendom terug te val.

Jesus word vir hulle net iemand wat vir mense die nuwe goddelike lewe en goddelike krag waarin elkeen kan deel kry wys. Op hierdie wyse word Jesus die Naam waarin hulle mense oproep om “aan te hou sonde doen.” Op hierdie wyse maak hulle God hulle eie bedryfmiddel. Hulle bedryf God se goddelikheid deur hulle geestelike bedryfsplanne wat hulle in en vir die kerk ontwerp.

Dit is die godsbedryf waarin mense goddelike wil leef en met die krag van God optree, terwyl hulle nie meer ingelyf in die Regverdige regverdig wil leef nie. In hulle goddelike lewe en krag het hulle hulself bokant die liefde volgens God se wet verhef.

Dit was hoe hierdie bemagtigde geestelikes die politieke beleid van apartheid God se saak in en vir die kerk gemaak het – deur hulle geestelike Jesus wie nie meer god en mens vandag is nie. Deur die Jesus wat jou met goddelike lewe en kragte vervul en nie meer met liefde vir God en mense volgens sy wet nie.

Dit is juis deur die herlewings van God se goddelike krag en lewe waarin mense gevoel en gesien het die bedryf van apartheid is god se droom, God se saak en God se bedryfsplan vir die kerk. Dit terwyl niemand meer die onreg aangevoel het van mense wat nie vir prestasie in werk bevorder mag word nie of vir werk volgens prestasie beloon mag word nie.

In hulle afgod Jesus se bedryfsplan van apartheid was hulle met 'n goddelike lewe en krag bokant die reg van God se liefde volgens die wet verhef.

Christus se vergifnis laat ons herhaaldelik sondes bely en weer reg doen

10. En dit het nie opgehou nie.

Die nuwe geestelike herlewing waarin jy deel van die afgod Jesus se krag, mag en lewe kry is die bedryfsplan van God se missie vir die nuwe nasie. Nou bedryf geestelikes 'n nuwe gees van 'n nuwe afgod wie jou in sokkombuise in townships laat werk, strate skoonmaak en huise regmaak in townships sodat jy daardeur 'n uitbeelding van die krag, die mag en die lewe van hierdie afgod Jesus in die townships kan uitbeeld.

Maar vir die reg van mense wie se grond onteien word, se loopbane ingeperk word, vir kinders wat nie mag verdien en erkenning vir hul prestasies mag kry nie, het hierdie geestelikes weer geen agting nie. Hulle minag naaste liefde volgens Gd se wet omdat hulle nie ingesluit is en deel in Jesus wie as mens vandag die Regverdig is nie.

So maak hierdie geestelikes weer van afgodsdienste 'n kerklike bedryf en maak hulle van die "aanhou sonde doen" wat kinders van God nie kan doen nie, om in die heidendom terug te val om deel van God se krag en lewe te wees, die kenmerk van ware Christenskap.

11. Ons as gelowiges kan nie aanhou sonde doen nie.

Ons kan nie in die heidendom terugval waar ons deel van die lewe en krag van God wil wees nie. Ons is ingesluit en deel wie Jesus as mens vandag vir ons is: die Regverdige wie ons in sy regverdigheid laat deel.

Daarom leef ons 'n lewe van herhaaldelik sonde doen en herhaaldelik opstaan en weer reg doen volgens die wet van God. Ons het God en ons naaste lief volgens sy wet. Dit doen ons omdat ons in Christus altyd binne God se liefde bly, terwyl ons in en deur sonde struikel en terwyl ons weer uit ons sondes opstaan.

Daarom kan ons nie deel wees van die geestelikes se bedryfsplanne met God in die kerk nie: hulle missies en visies vir God, want ons kan nie aanhou sonde doen nie. Ons doen herhaaldelik sonde en doen weer herhaaldelik wat reg is volgens die wet van God.

Ons kan onderskei tussen die Gees van God en die geeste van die antichris! Ons bly deur ons herhaaldelike sondebelydenisse en herhaaldelike verbintenisse tot die reg van God se wet, en val nie terug in 'n nuwe heidendom in die Naam van Jesus as geestelikes se nuwe afgod nie.